# AFDELING A.

## Historiese Oorsig

## Hoofstuk I.

## Die Skoolplaas.

1. Inleiding:

Die skoolplaas-idee in Suid-Afrika het ontstaan as-gevolg van 'n reaksie teen die bestaande plaasskole waarmee die plattelandse kinders hulle moes behelp. Die persentasie plattelandse leerlinge wat dit nie verder as Standerd VI op onderwysgebied kon bring nie, het as gevolg van die ou stelsel in swang, 'n skrikwekkende omvang aangeneem. Dit is nie te kras gestel as ons sê dat die skoolplaas in der waarheid uit nood gebore is nie.

Sowel in Kaapland as in Transvaal, die enigste twee provinsies waar die skoolplaasgedagte posgevat het, was dit die haglike toestande van die opvoeding en onderwys van die kinders van die platteland, wat gelei het tot die stigting van die eerste skoolplase.

Daar was nog altyd 'n behoefte aan 'n eg-nasionale onderwysstelsel, asook aan beter en doeltreffender onderwysfasiliteite. Die onderwysoutoriteite wou 'n stelsel ontwerp wat aan die plattelandse kind eie sou wees; sy natuurlike aanleg tenvolle sou kon uitbuit in 'n omgewing wat vir hom bekend is. Die toestande moes verbeter word, maar dit moes opvoedkundig gesond wees. Volgens Häberlin[1] moet die opvoeding, net soos elke lewenshouding enersyds gekarakteriseer word volgens wat dit wil bereik en daarna volgens die wyse waarop te werk gegaan moet word om die gewenste te bereik; alle opvoedkundige vrae is vrae na die doel, of vrae na die metode. Die probleem van die goeie opvoeding

1. Häberlin : Wege und Irrwege der Erziehung, 12.

sluit dan in 'n juiste doel en 'n goeie metode om die doel te bereik.

As 'n nuwe onderwysrigting sy naam werd is, moet dit op 'n vaste opvoedkundige grondslag berus - die bepalende faktor vir sy voortbestaan.

Die skoolplase van Kaapland en Transvaal het egter nie gelyktydig ontstaan nie - ook nie onder dieselfde omstandighede nie. Dit is daarom nodig dat ons die ontstaan en ontwikkeling van elke groep apart sal behandel.

2. Die Skoolplase in Kaapland:

In Kaapland was oorspronklik vier skoolplase, naamlik, Seodin, Winton, Dikepping en Gazip, waarvan slegs Seodin en Winton nog bestaan. Die oudste en belangrikste van hierdie skoolplase is Seodin wat reeds in 1921 tot stand gekom het en 'n groot aandeel gehad het in die groei en ontwikkeling van die gebied waarin hy geleë is.

(a) Seodin.[1]

Die terrein en geboue het oorspronklik aan die Londonse Sendinggenootskap behoort. In 1918 is dit verkoop aan die munisipaliteit van Kuruman wat die grond en ruïnes weer aan die Nederduits Gereformeerde Kerk van Kuruman verkoop het op aandrang van die Sinodale opvoedings- en armesorgkommissie. Met die aankoop is 'n kerkkoshuis vir arm kinders daar beoog. Die stigting sou plaasvind onder die Koshuis-Ordonnansie van 1917, van Sir Frederik de Waal, die toenmalige Administrateur van Kaapland wat baie besorgd was oor die lot van die kinders van die omgewing. Die Sinodale Kommissie het die ruïnes laat opknap en in

---

1. Vermeulen : Die Skoolplase van Kuruman 66-69.
Kwarteeufees - Gedenkboek van Seodin, 1-10.
McFarlane : Landelike Onderwys in die Kaapprovinsie 86-92.

1920 kon 68 kosgangers in die herstelde dele tuis gaan onder leiding van Mnr. van Solms en twee assistente.

In 1921 is Mnr. S.J. Botha, wat toe vir 'n aantal jare hoof en superintendent van 'n Kerkkoshuis in Namakwaland was, deur die Armsorgsekretaris, Ds. A.D. Luckhoff beweeg om die leiding van Seodin op hom te neem en daar met 'n nuwe tipe skool te begin, t.w. die uitbouïng van die skoolplaas-idee. Hy het sy planne met die Superintendent Generaal van Onderwys van Kaapland ~~bespreek~~ wat dit heelhartig ondersteun en goedgekeur het, bespreek.

Mnr. Botha se eie woorde[1] was dat dit moes wees „soos 'n dubbelloopgeweer - een loop koeël en een loop hael." Dit moes die seun wat wou gaan boer, lief maak vir boerdery deur hom die nodige kennis te gee van diere, plante en die grond waaruit hy sy bestaan moes maak. Die kind wat die plaas wou verlaat vir een of ander professie, moes egter geen agterstand ervaar by die dorpskind nie. Hy sou eerder 'n voorsprong hê omdat hy 'n liefde vir die natuur ontwikkel het. Vir die dogter sou dit 'n grondige kennis van naaldwerk en huishoudkunde, ~~beteken~~ asook belangstelling in en kennis van plante, veral blomme beteken.

Met hierdie grootse planne kom Mnr. Botha dan in 1921 op Seodin aan. Hy het dadelik die ouers in die omgewing besoek om persoonlik kennis te maak en 'n insig te kry in hulle probleme. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat daar vir hulle nie 'n fatsoenlike bestaan uit die boerdery te maak was nie, ~~Hy~~ het alles in sy vermoë probeer doen om die kinders van die plase af weg te kry en hulle aan betrekkinge te help waaruit hulle

1. Kwarteeufees - Gedenkboek van Seodin, 6.

'n selfstandige bestaan sou kon maak. Vir hierdie doel was middelbare onderwys egter noodsaaklik.

'n Begin moes gemaak word en daarvoor is die laerskool gebruik. Om by sy skoolplaas-idee te pas, moes afgestap word van die tradisionele laerskoolleerplan en voorsiening moes in die leerplan gemaak word vir praktiese vakke. Die praktiese vakke, veral praktiese landbou, wat in die tuine uitgeleef kon word, moes die waarnemingsvermoë en vindingrykheid van die kind prikkel sodat hy 'n gelukkige wese kon word in 'n ideale omgewing— 'n omgewing wat die meeste moontlikhede kon bied om die geestesinhoud van die kind volmaak te laat ontplooi.

Om hierdie doel te bereik het die noueste samewerking tussen die Provinsiale en Uniale Departemente van Onderwys geverg, want die praktiese rigting in die leerplan was uitsluitlik in die hande van die Unie Onderwysdepartement. Toe dit blyk dat die samewerking tussen die twee Departemente nie verkry kon word nie, moes die oorspronklike planne gewysig word maar in die namiddag sou ruim voorsiening gemaak word vir die praktiese sy van die opvoeding. Hierdeur sou die Kerkkoshuis selfonderhoudend word uit die opbrengste van die plaas en sou meer fasiliteite aan die leerlinge kon bied.

In 'n rede voor die „South African Education Conference" in 1934 gee Mnr. Botha dit as volg weer: „In practice we simply set out independently to try and secure for each child full opportunities for self-expression, for participation in collective tasks, and for leadership, by using the correct stimulus interest. We knew that development, education, or character-formation, was impossible without interest, that the child was by nature an active being and wanted to be

doing, and to that purpose the ,skoolplaas' lent itself."[1]

Uit sy eie salaris het Mnr. Botha nog 120 morge grond bygekoop, die grond is bewerk, boorde is aangelê, wingerde is geplant. ~~en~~ Uit die opbrengste is 'n onderwyser gehuur wat bedags aan die ex-standerd VI leerlinge onderrig gegee het en saans het Mnr. Botha persoonlik die onderrig waargeneem. Die leerlinge is teen alle ordonansies in, ingeneem omdat die bestaande middelbare skool te Kuruman hulle nie wou neem nie. „They flatly refused to contemplate Secondary Education for Poor Whites, as they styled the children of the farmer."[2]

Die klasse het die kern gevorm van die latere Kalaharie-Hoërskool, maar daar was nog baie moeilikhede wat op 'n oplossing gewag het In die eerste plek was daar geen skoolgeboue nie. Die Kaaplandse Onderwysdepartement het slegs £5000 bewillig vir die oprigting van 'n skoolgebou en hierdie bedrag was ver te min om 'n skoolgebou met genoegsame akkomodasie op te rig. Die hoof was gevolglik genoodsaak om self die bouwerk waar te neem en met die hulp van die ouers wat self die materiaal aangebring het, is 'n gebou van £7500 opgerig wat ruim in die behoeftes van die laerskool kon voorsien.

Tweedens het die Onderwyswet van Kaapland verbied dat kosgangers na Standerd VI in 'n Kerkkoshuis gehuisves word, daarom moes uit die fondse ook hulle losies betaal word. Volgens die bestaande wet kon daar ook nie twee sekondêre skole in een munisipale gebied bestaan nie. Op Kuruman, slegs drie myl van Seodin af was alreeds 'n sekondêre skool met Engels as voertaal - 'n tweede een op Seodin was dus 'n saak waarvoor tevergeefs

---

1. Malherbe : Educational Adaptations in a changing Society, 327.
2. Ibid : 328.

geveg sou word. Die enigste oplossing sou wees dat die sekondêre skool wat kwynend was oorgeplaas moes word na Seodin en hierteen het die belanghebbendes te Kuruman met alle wapens tot hulle beskikking geveg. Sommige het selfs beweer dat die skool te Seodin ontwikkel het in die rigting van industriele onderwys en dat dit daarom vir die landelike omgewing waarin dit staan, niks ten goede kon bring nie.

In die derde plek moes die pionier-bevolking van die omgewing nog opgevoed word om te besef dat sekondêre onderwys noodsaaklik was vir hulle kinders selfs al sou hulle weer terug gaan plase toe. Sommige boere het ook primêre skooltjies op hulle plase gehad en het gevoel dat die groot kerkkoshuis op Seodin vir hulle skooltjies 'n bedreiging sou wees met die verlies van skoolhuur en daarom het hulle hulle invloed by die skoolraad en kerkraad van Kuruman gebruik om die uitbreiding op Seodin te beperk.

Al hierdie moeilikhede is egter deur die vasberade en doelgerigte optrede van die hoof oorwin en in 1924 kry hy dan verlof van die Superintendent Generaal van Onderwys om die leerlinge wat Standerd VI die jaar in Seodin sou aflê, te hou as 'n nukleus vir die Seodin sekondêreskool.

In Julie 1925 is die skool se status verhoog tot 'n sekondêre skool en dit het in die eerste jaar al met skitterende resultate in die openbare eksamen getoon dat 'n hoërskool daar nie alleen 'n vereiste is nie maar ook 'n reg waarop aanspraak gemaak kon word.

Die aantal leerlinge het geleidelik aangewas in die hoërafdeling en in April 1929 is aan die skool volle hoërskool status verleen. Daarna het die getalle vinnig gegroei tot meer as twee honderd. Meer grond is aangekoop. Die hoof, personeel en leerlinge het self

ingespring; nuwe geboue is opgerig om huisvesting te verskaf, vleie is drooggelê en gronde is gelykgesleep en bewerk. Op 'n baie ekonomiese wyse is vrugteboorde en wingerde aangelê. Al die groente wat vir die kosgangers nodig is kon nou deur die leerlinge self verbou word.

Dat dit 'n groot opoffering was om die behoeftige leerlinge vry te huisves, is vanselfsprekend as in aanmerking geneem word dat daar by tye meer as 100 leerlinge gratis in die koshuis, bekend as die Moffat-Instituut, opgeneem is. Die uitgawes daaraan verbonde het vanaf 1927 tot 1939 die som van £24,000 beloop aan losies en skoolgelde wat uit die opbrengste van die tuine en landerye bestry moes word.[1)]

Die oorskot-opbrengs is behalwe die reedsgenoemde vry losies en skoolgelde ook nog aangewend vir:

1. Betaling van rente op verbande.
2. Reparasies aan bestaande geboue.
3. Uitbreiding.
4. Lenings vir verdere studie aan opleidingskole.[2)]

Van die seuns het ook 'n kans gekry om gedurende skoolvakansies op die plaas te werk en op die manier hulle eie skoolgeld en geld vir boeke te verdien.

Die seuns was verantwoordelik vir al die werk op die plaas wat gewissel het van die versorging en melk van die koeie tot die bewerking van die landerye en verbouing van voergewasse, tuinery en vrugteboerdery. Alleenlik vir waterlei en werke wat die seuns onmoontlik kon behartig is 'n paar naturelle aangehou.

Terwyl die seuns die boerdery behartig het was die

---

1. Kwart-Eeufees Gedenkboek, 9.
2. McFarlane : Landelike Onderwys in die Kaapprovinsie, 90.

meisies verantwoordelik vir die huishoudelike deel van die inrigting. Hulle moes help met was en stryk, koskook, koshuise aankantmaak, en klere en beddegoed verstel - sodoende kon ook aan lone bespaar word en het die dogters gevoel dat hulle ook aan die groot saak van eie opvoeding gehelp het. Geen werk doen die arbeider oneer aan nie en hulle was trots op die deel wat hulle kon bydra.

Die onderwysers en die onderwyseresse het 'n leeue-aandeel in die ontwikkeling en die sukses van die Seodin-skoolplaas gehad. Waar die onderwysers die verantwoordelikheid aanvaar het om verskillende afdelings op die plaas te behartig en te ontwikkel, het die onderwyseresse weer ingestaan vir die bedrywighede in die koshuis self. Daar het 'n baie intieme omgang tussen onderwyser en leerling bestaan - hulle werk en speel saam.

Mnr. Botha skryf die sukses,[1] wat weerspieël is in die uitstekende eksamenuitslae en die prestasies van oud-skoliere in die samelewing en ook op sportgebied, toe aan hierdie skool van die lewe wat hulle moes deurgaan. Die feit dat die kind voel dat hy self 'n bydrae lewer tot sy ontwikkeling sterk in hom die gevoel van eie waarde. Hy weet hoe hy aan sy geleerdheid kom en waardeer dit des te meer, maar dit maak ook op 'n vroeë leeftyd by die kind die strewe na hoër mikpunte wakker en spoor hom aan tot sukses.

Die hoofdoel by Seodin was dan om sy leerlinge na die matrikulasie eksamen weg te kry uit hulle omgewing. Hulle moes voorberei word om elders 'n heenkome te soek, omdat hulle eie omgewing vir hulle geen moontlikhede gebied het nie. Ontsettende droogtes en geweldige vee-

1. Meegedeel deur Mnr. Botha aan skrywer hiervan.

verliese het die meeste gesinne tot op laagwatermerk gebring, Van boerdery onder sulke omstandighede was haas geen sprake nie. Seodin het juis in hierdie kritieke jare sy diens aan die bevolking gelewer. Hy het daarin geslaag om aan almal 'n heenkome te verseker, soos ons op bygaande statistiese gegewens sal sien. Beroepe gekies deur Seodin-Hoërskool leerlinge (Dogters) wat standerd VI geslaag het vanaf 1920 tot 1944 en uit is met een van die volgende sertifikate:[1)]

| | VI. | VII. | VIII. | IX. | X. | Totaal. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. Plaastoe | 68 | 59 | 61 | 17 | 17 | 222 |
| 2. Ander Skole | 22 | 24 | 25 | 5 | - | 76 |
| 3. Verpleging | 1 | 13 | 33 | 20 | 43 | 110 |
| 4. Klerke | 7 | 22 | 25 | 14 | 40 | 108 |
| 5. Huishoudskool | 10 | 3 | 2 | 1 | - | 16 |
| 6. Huishoudster | 2 | 7 | 2 | 1 | 1 | 13 |
| 7. Staatsdiens. | - | - | 2 | 1 | 7 | 10 |
| 8. Handelskool | - | - | 16 | 4 | 18 | 38 |
| 9. Onderwys | - | - | - | 1 | 102 | 103 |
| 10. Fabriekwerksters | 2 | 2 | 6 | - | 1 | 11 |
| 11. Poskantoor | - | 1 | 5 | 1 | 14 | 21 |
| 12. Sending | - | 1 | 1 | 2 | 1 | 5 |
| 13. Universiteit | - | - | - | - | 8 | 8 |
| 14. Leer | 2 | 1 | 11 | - | 1 | 15 |
| 15. Haarkapster | - | - | 1 | - | - | 1 |
| Totaal: | 115 | 133 | 190 | 67 | 252 | 757 |

1. Kwarteeufees - Gedenkboek, 16.

Beroepe gekies deur Seodin-Hoërskoolleerlinge (Seuns) wat Standerd VI geslaag het vanaf 1920 tot 1944 en uit is met een van die volgende sertifikate:[1]

| | VI. | VII | VIII. | IX | X. | Totaal. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. Plaas-toe | 69 | 40 | 26 | 5 | 13 | 153 |
| 2. Na ander Skole | 32 | 31 | 26 | 5 | - | 94 |
| 3. Klerke | 8 | 11 | 7 | 14 | 37 | 77 |
| 4. Onderwys | - | - | - | - | 54 | 54 |
| 5. Polisie | - | 14 | 18 | 18 | 28 | 78 |
| 6. Leër en Vloot. | - | 5 | 20 | 15 | 33 | 73 |
| 7. Spoorweg | 14 | 11 | 14 | 9 | 22 | 70 |
| 8. Spesiale Diensbataljon | 34 | 9 | 3 | - | - | 46 |
| 9. Staatsdiens | - | - | - | 1 | 25 | 26 |
| 10. Universiteit | - | - | - | - | 28 | 28 |
| 11. Myne | 1 | 2 | 1 | 5 | 11 | 20 |
| 12. Boubedryf | 6 | 4 | 4 | - | 1 | 15 |
| 13. Bosbou | - | - | 3 | 1 | 10 | 14 |
| 14. Handelskool | - | 3 | 4 | 4 | 7 | 18 |
| 15. Landbouskool. | 2 | - | - | 1 | 6 | 9 |
| 16. Ambagskool | 6 | 4 | 1 | - | - | 11 |
| 17. Poswese | 1 | - | 7 | 1 | 3 | 12 |
| 18. Fabrieke | 2 | 1 | 3 | 1 | 3 | 10 |
| 19. Besproeiing | - | 2 | 2 | - | 1 | 5 |
| 20. Kerk-Sendelinge | - | - | - | - | 3 | 3 |
| 21. Motorwerktuigkundiges | - | 4 | 3 | - | - | 7 |
| 22. Apteker | - | - | - | - | 2 | 2 |
| 23. Ingenieur | - | - | - | - | 4 | 4 |
| 24. Gesondheidsdepartement | | - | - | - | 2 | 2 |
| 25. Haarkapper | - | - | - | - | 1 | 1 |
| Totaal: | 175 | 141 | 142 | 80 | 294 | 832 |

1. Kwarteeufees - Gedenkboek, 17.

(b) Winton, Dikepping en Gazip:

Hierdie drie skoolplase val in dieselfde groep daar hulle net voorsiening maak vir die laerskoolkursus tot Standerd VI. Waar Seodin probeer het om die kinders uit hulle omgewing weg te kry, het hierdie skoolplase probeer om die leerlinge voor te berei om hulle eie omgewing te beheers. Hulle moes op die platteland 'n onafhanklike bestaan kon voer. By hulle was dit veral die plaasaktiwiteite wat hulle onderskei het van ander skole. Hoewel die rigting wat die drie skole gevolg het min of meer dieselfde was, was daar tog onderlinge verskille wat aan elke skool sy eie karakter gegee het.

(i) Winton:[1)]

Die geboue hier was in 'n treurige toestand en die hoof het besluit om die kerkkoshuis in 'n nuwe rigting te stuur. Volgens hom[2)] was hierdie tipe koshuise verantwoordelik vir die vorming van meer armblankes en armlastiges en hierdie toestand wou hy probeer verhelp. Nadat hy die saak met die inspekteur van Onderwys bespreek het, het hulle besluit om met 'n skoolplaas te begin waar die kinders onder deskundige toesig vir hulleself kon boer. Die destydse uitbreidingsbeampte vir die gebied het gesien dat die kinders sy gedagtes die beste sou uitdra in hulle omgewing en daarom begin hy met proefpersele waar verskillende bome, grassoorte en plantsoorte wat bestand is teen droogte gekweek word. Nou was die Winton-Skoolplaas 'n werklikheid.

Die hoof het tot die gevolgtrekking gekom dat die belangrikste plig van die plattelandse skool moet wees om

---

1. Vermeulen : Die Skoolplase van Kuruman, 116.
Malherbe : Educational Adaptations in a changing Society, 331-335.

2. Vermeulen t.a.p. 117.

die kind lief te maak vir die grond en in hom die begeerte om grond te besit wakker te maak. Daardeur sou die besef van "arbeid adel" posvat wat die allerbelangrikste element in die opvoeding van die kinders sou wees.

In hierdie dele was die geestelike en kulturele stimulus noodsaaklik vir die ontwikkeling van die omgewing en die skool was die aangewese plek daarvoor. Wat by die huis nagelaat is moes by die skool gedoen word. In die skool moes die aktiwiteite van die ware lewe weerspieël word, sodoende moes die skool 'n klein onafhanklike gemeenskap vorm en die vrye tyd moes bestee word tot voordeel van die kind self sowel as die skool of gemeenskap waaraan hy behoort.

Vir die hoof was 'n ideale landelike skool, die skool wat ko-operatiewe samewerking, menslikheid en broederskap onder sy leerlinge kan kweek en hiertoe het die Winton Skoolplaas hom geleen. Alles op die skoolplaas word beskou as die eiendom van die leerlinge waarmee hulle kan boer tot eie voordeel. Hulle saai voer vir hulle eie koeie, plant windskerms om hulle eie tuine teen die heersende winde te beskerm. Die winste hiervan kry hulle gedeeltelik, want alle winste word gesamentlik gebank, een kwart word aan die kinders uitbetaal terwyl die balans in 'n studiefonds gedeponeer word wat vir verdere studie betaal. In 1933 kon hulle £100 vir die doel wegsit, en word kinders op die manier ook aangemoedig om verder te studeer. In die eerste agt jaar van sy bestaan het slegs vyf kinders na 'n hoërskool gegaan. Hierdie toedrag van sake het egter nou 'n ommekeer getoon want in die jare 1931 tot 33 het nie minder as 26 leerlinge na die hoërskool gegaan nie.

(ii) Dikopping:[1]

In 1916 het Dikopping as 'n gewone plaasskool begin wat in getalle toegeneem het tot 35 in 1917. Die plaas en geboue het aan 'n privaat eienaar behoort wat geen verbeterings wou aanbring nie. In 1920 is die inrigting as kerkkoshuis erken en nou het uitbreiding geleidelik gevorder, hoewel die eienaar nog nie oortuig kon word dat die geboue verbeter moes word nie. Die mense van die omgewing het egter begin om belang te stel in die onderneming. Die Boerevereniging en ook die kerkraad is genader om die plaas aan te koop maar hulle het nie hulle weg oop gesien nie. Eindelik het die prinsipaal self die grond aangekoop en kon die uitbouing van die skoolplaasidee nou met sukses aangepak word.

Hoewel geboue vir die koshuise en voldoende klaskamers nog ontbreek het, is daar nou vasberade gewerk om die skoolplaasgedagte in 'n werklikheid om te skep. Vir meer as 'n jaar was die hoof se klaskamer 'n kameeldoringboom. Die inspekteurs het egter net die werk in die skool van belang beskou en het die plaaswerksaamhede nie eers opgemerk nie. Dit was eers heelwat later dat 'n inspekteur die plaasaktiwiteite in sy rapport vermeld het.

Die skool- en plaasaktiwiteite het egter nou so na verband met mekaar gehou dat die een nie van die ander geskei kon word nie. Dit was van besondere opvoedkundige belang beskou dat kinders 'n kans sal kry om self dinge te doen. Daardeur ontwikkel sy karakter want elke kind het 'n begeerte om self iets te doen of 'n verantwoorde-

1. Vermeulen : Die Skoolplase van Kuruman, 98-110. Malherbe : Educational Adaptations in a changing Society, 335-340.

likheid te aanvaar. Vir spanwork word ook gesorg waar die kind dan voel dat hy een is van 'n groep of 'n groot gesin - die skool. Daar word meer op daardie aktiwiteite beklemtoon wat die kind uit sy eie vrye wil doen. Dit word moontlik gemaak deur die kind in aanraking te bring met 'n verskeidenheid van werk en dan word hy aangemoedig om homself besig te hou. Indiwiduele leerlinge kan plant wat hulle wil of kan nuttige artikels maak en verkoop en die winste bly deels hulle eie.[1)]

Wanneer die oes af is, kry die kind 25 persent van die winste, terwyl die res in 'n gesamentlike fonds gestort word. Daar word probeer om die skoolplaas so selfonderhoudend as moontlik te maak, daarom is kinders gedurende sekere tye tot 'n week lank besig met werk in die lande en tuine, die meisies met inmaak van vrugte of groente, en hulle geniet die werkies ten seerste.

Kinders word aangestel as leiers op elke gebied van die skoolplaas aktiwiteite. Dit gee aan hulle so 'n verantwoordelikheidsbesef dat daar afgestap kon word van die „toesluit"-metode en behoort alles in die skool aan die kinders.

Dit is dan ook die gesindheid waarmee die kinders die dinge doen wat van belang is en daarom is die skoolplaas daar terwille van die kind. Hier moet hy leer om te lewe; om sy probleme op te los; om die toekomstige nuttige burger van sy land te word.

Omdat die skoolplaas omring word van belangstellendes, en die kinders getrek word uit die omliggende plase is die probleme van die omgewing ook die van die skoolplaas. Die kind leer hoe om in verband met sulke

---

1. Malherbe : Educational Adaptations in a changing Society, 338-339.

probleme op te tree en die skoolplaas het dan ook tot 'n groot mate die proefpersele van die omgewing geword. Die ouers het nie net bloot belangstelling getoon in die werksaamhede nie, maar het ook met hulle probleme na die skool gekom. Sodoende het die skoolplaas die ligpunt in die omgewing geword op landbou sowel as kulturele gebied.

Later is proefpersele, onder die persoonlike toesig van die uitbreidingsbeampte van die Departement van Landbou, deur die kinders aangelê en kon die omgewing die volle voordeel van hierdie proewe kry.

(iii) Gazip:[1)]

Gazip was 'n gewone laerskool waar kinders privaat losies kon bekom, om sodoende by die skool te kom. Die geboue van sowel die koshuis as die skool het aan 'n privaat eienaar behoort. Om die onkoste te help bestry is 'n begin gemaak met groentetuine om sodoende gedeeltelik self-onderhoudend te word. Namate die bedrywighede op die skoolterrein begin vorm aanneem het, is geleidelik oorgeskakel na die landbouklubstelsel. Lede van die landbouklub het nou hulle eie persele gekry en het met die ander lede van hulle klub en van ander klubs gekompeteer. Terselfdertyd was dit vir die leerlinge 'n inkomste, aangesien hulle kon deel in die winste en die koshuis is ook daardeur bevorder. Die krag van die onderneming het dus eintlik gelê in die gesonde kompetisie wat tussen leerlinge aangemoedig is. Die skoolplaas het egter totniet gegaan omdat in die omgewing nie meer genoeg kinders gevind kon word om die idees verder uit te bou nie.

---

1. McFarlane : Landelike Onderwys in die Kaapprovinsie, 95.

3. Die Skoolplase van Transvaal:[1]

(a) In Transvaal is al meer en meer die behoefte aan beter en doeltreffender onderwysfasiliteite gevoel en veral van die platteland af het die noodkreet steeds sterker opgestyg. Onderwystoestande was in die dertiger jare bepaald swak en die persentasie plattelandse leerlinge wat dit nie verder as standerd VI op onderwysgebied gebring het nie, het nog steeds toegeneem. Vir hierdie toestand van sake kan verskillende redes aangevoer word waarvan die volgende as die belangrikste beskou kan word.

Eerstens was die vereiste om 'n studiebeurs aan 'n hoërskool te bekom 'n gemiddeld van 60 persent in die beurseksamen. Baie min van die leerlinge van die platteland kon daarin slaag om die vereiste 60 persent te behaal. Indien die ouer van die minder skrander leerling dus sy kind na 'n hoërskool wou stuur, moes hy self al die onkoste dra. Die ouers wat nie oor die nodige aardse middele beskik het nie, moes maar noodgedwonge hulle kinders uitneem. As 'n goeie voorbeeld hiervan sien ons dat van die 13,410 leerlinge wat in 1933 in standerd VI was in skole onder die beheer van die Departement van Onderwys het slegs 6767 in 1934 hulle in standerd VII bevind[2] - die helfte dus en hiervan het maar 2222 dit in 1938 sover as standerd X gebring.[3] 'n Skrale 16 persent van die standerd VI leerlinge van 1933 het dit sover as die matrikulasie klas gebring.

In die tweede plek was gesondheidstoestande onder

---

1. Venter : Die Skoolplaasstelsel in die Transvaal 2-14
. Verslag T.O.D. 1924-1945.
2. T.O.D. Verslag Desember 1934, 24.
3. Ibid - Desember 1938, 45.

skoolgaande kinders in Transvaal sodanig dat baie om gesondheidsredes uitgeskakel is. In die bosveld- en laeveldstreke was daar baie kinders wat aan malaria en rooiwater gely het. Hierdie kinders is die voorreg tot verdere studie grotendeels ontsê. Oor die lengte en breedte van Transvaal was kinders versprei wat nie gereeld deur die mediese inspekteur van skole besoek kon word nie, gevolglik was daar baie kinders met slegte tande, kroniese mangelontsteking en vergiftigde sisteme op skool. Hulle is vertraag deur omstandighede buite hulle beheer en vir toekomstige onderwys in baie gevalle heeltemal uitgeskakel. Hierby kan nog gevoeg word dat baie van hierdie kinders met donkies of selfs te voet myle moes aflê om die skool te bekom.

'n Vorige Direkteur van Onderwys, Mnr. H.H.G. Kreft het in 'n radiorede in 1939 die saak as volg saamgevat wat die onderwystoestande by die klein plattelandse skooltjies betref:

Die klein skooltjies beskik oor min personeel en min fasiliteite, met die gevolg dat slegs 'n baie geringe aantal vakke gedoseer kan word. Gewoonlik ontbreek daar 'n hele aantal vakke soos houtwerk, metaalwerk, kookkuns, huishoudkunde, tekenwerk, en alte dikwels selfs sang en liggaamlike opvoeding. Daarbenewens is daar min geleentheid vir buitemuurse werksaamhede soos debatsverenigings en georganiseerde spele.[1)]

Die veronderstelling dat die kleiner skole nie soveel vir hulle leerlinge gedoen het as die groter skole nie, moenie as 'n beskuldiging teen die bekwaamheid van die onderwysers aan die klein skole beskou word nie,

---

1. Kreft : Radiorede gelewer op 9 Februarie 1939 en vervat in T.O.D. Verslag 1936, 8.

want hulle was alte dikwels die vriend en raadgewer van al die mense van die omgewing. Die skooltjies het oor min leerkragte en geriewe beskik, goeie biblioteke was nie aan te dink nie omdat die fondse dit nie toegelaat het nie.

'n Verdere kenmerk van die klein skooltjies van die platteland was die wisselvalligheid van hulle bestaan, wat dikwels afhanklik was van die houding van plaaslike grondeienaars, wat oor die lotgevalle van bywoners en losieslecrlinge kon beskik. Buitendien het die onderwysers, veral assistente, moeilikheid ondervind met huisvesting - vandaar die ongewildheid van assistentposte aan plaasskole. Uit hierdie toestande sou die skoolplase dan eindelik gebore word.

(b) Voorgeskiedenis van die Skoolplase:[1)]

Hoewel moontlik uit 'n ander gesigspunt en met 'n ander motief, is die beginsel van die stigting van skoolplase reeds herhaaldelik vroeër in Transvaal bepleit. Dr. Mansvelt het reeds in 1895 al voorgestel dat 'n modelboerdery met 'n daaraan-verbonde ambagskool in die lewe sou geroep word om die boere-nywerheidstradisie te ontwikkel. Mnr. J.E. Adamson, destyds Direkteur van Onderwys in Transvaal, wat die woord „school farm" in Transvaal waarskynlik die eerste gebruik het, het in 1912 gepleit vir die oprigting van hierdie nuwe soort opleidingsinstituut. Vir die dorpskinders is handelskole opgerig maar die kinders van die plaas moet toegerus word vir die beroepe verbonde aan die plaas, en die skoolplaas

---

1. Verslag Direkteur van Onderwys, Tvl. 1912, 185.
   Coetzee : Onderwys in Transvaal, 125.
   Adamson : The Individual and the Environment, 265.

is die enigste inrigting wat daaraan kan beantwoord. Grond, werkswinkels, klaskamers en koshuise sal daarvoor nodig wees en die geskikte onderwysers moes gevind word. So 'n skoolplaas moet van 75 tot 100 studente hê wat tussen die ouderdomme 15 jaar en 21 jaar moet wees.

Vir hierdie skole skryf Adamson behoorlike werkswinkels voor, waar die plaaskind alles geleer kan word wat hy daagliks op die plaas nodig sal hê, van houtwerk tot smidswerk. Die klaskamers moes ingerigte laboratoriums wees waar die beginsels van landbou geleer kan word, sodat die leerlinge belangstelling in wetenskaplike boerdery-metodes kan aankweek. Die algemene onderwys moet ook nie vergeet word nie. Jaar na jaar het Adamson die behoefte aan hierdie soort van tegniese onderwys op die platteland herhaal sonder veel sukses.

Die Onderwyskommissie van 1918 het ook sterk daarop aangedring, maar Adamson moes in 1921 verklaar: „die skoolplaas het tot sover net 'n droom gebly." In sy laaste jaarverslag in 1923 het hy opnuut met warmte die oprigting van skoolplase bepleit en die meesgewenste organisasie daarvan toegelig.[1] Toe Dr. Adamson in 1937 die bestaande skoolplase besoek het, het hy opgemerk dat dit in hooftrekke met sy voorstel ooreengekom het en dat dit vir hom 'n seldsame ondervinding is om die droom eindelik verwesenlik te sien.

In die jaarverslae van 1925 en 1926 verskyn sterk pleidooie van die kant van die inspekteur van landbouonderwys, inspekteur C.J. Blom, dat Intermediere skole in groot getalle op die platteland opgerig moet word. Hierdie skole moes aan 'n opvoedingstelsel behoort wat

---

1. Bot. Honderd jaar Onderwys in Transvaal p.139.

die opvoedingsbehoeftes van die boerestand sou bevredig. Die kern van die leerplan moes landbou-onderwys wees. So sterk het hy die behoefte gevoel dat hy bereken het dat daar minstens een Intermediêre skool vir elke tien plattelandse skole (insluitende plattelandse dorpe) moes wees - dus ± honderd Intermediêre skole vir die hele provinsie.[1)]

Professor S.P.E. Boshoff het in 1929, toe hy nog verbonde was aan die Potchefstroomse Universiteitskollege 'n besoek gebring aan die Seodin-skoolplaas naby Kuruman in Kaapland. Hy was baie ingenome met die skoolplaas-gedagte en het dadelik begin om die nuwe rigting hier in Transvaal te propageer. Nadat hy direkteur van onderwys geword het van Transvaal, het hy 'n toer vir Mnr. S.J. Botha, die hoof van die Seodin-skoolplaas, gereel, om aan die onderwysers en ouers die voordeel van sy beskouinge en ervaring ten opsigte van landboubeoefening en die beheer van koshuise te gee. Hy het Wolmaranstad, Schweizer-Reneke, Ottosdal, Klerksdorp, Hartebeesfontein, Potchefstroom, Klipdrift en Ventersdorp besoek en ook 'n besoek aan die Hoofkantoor op Pretoria gebring, waar hy 'n aantal onderwysers en inspekteurs toegespreek het oor die moontlikhede van die Skoolplaas.

Transvaal was egter nou reeds in die knellende grepe van 'n ongekende depressie wat vir hom 'n struikelblok was op die pad van normale onderwysontwikkeling en gevolglik van die begin van die skoolplaasidee in Transvaal. 'n Paar plattelandse skole het nou alreeds in die rigting van skoolplase begin werk en het die

---

1. Verslag T.O.D. 1925 en 1926.
2. Verslag Direkteur van Onderwys Transvaal 1932, 10-11.

kinders by die koshuise tuine laat aanlê, wat weer in eie behoeftes sou voorsien. Hierdie pogings is egter nie as skoolplase erken nie. So kan ons as voorbeeld noem die skool by Klipdrift naby Potchefstroom waar die kinders alreeds in 1932 die grond bewerk het en netjiese groentetuine aangelê het, wat die skool tot 'n mate selfonderhoudend gemaak het.

(c) <u>Die Stigting van Skoolplase:</u>

Die depressietyd, gepaardgaande met ongekende droogtes in groot dele van Transvaal, sou juis die regte stimulus verskaf vir die ontstaan van skoolplase in Transvaal. Dit was gedurende die jare dat dit tot die boerebevolking deurgedring het, dat die platteland besonder kwesbaar is wat sy ekonomiese bestaan betref. Iets moes hieraan gedoen word, daar die boere-bystandshulp deur verskillende regerings van ons land toegestaan, slegs tydelike verligting kon bring.

Daar is nou almeer besef dat die belangrikste oplossing vir hierdie vraagstuk, beter onderwysfasiliteite vir die plaasseun en -dogter is. Ook op die platteland moes die opvoeding sodanig wees dat die kinders toegerus die lewe kon ingaan. Hoëronderwys moes nie net die reg van die ryk of slim kind wees nie, maar ook dié van die minder skrander en vir die arm kind. Daar moes op die platteland inrigtings gestel word wat in die behoeftes van die kinders kon voorsien.

In Augustus 1934 belê die Rustenburgse Distriksboere-Unie in medewerking met die Rustenburgse Onderwysvereniging en die Provinsiale Raadslid, Mnr. I. Vorster, 'n konferensie oor landelike onderwys. Dit vind plaas in die Gereformeerde Kerkgebou te Rustenburg. By hierdie konferensie was onder andere ~~teen~~-

~~woordi~~g Minister P. Grobler, Prof. Dr. T.J. Hugo, verskeie lede van die Provinsiale Raad, verteenwoordigers van skoolrade, die Transvaalse Onderwysersvereniging en 'n groot aantal onderwysers teenwoordig.

Op die Rustenburgse konferensie word besluit om 'n afvaardiging van 15 lede as komitee na die toenmalige Administrateur van Transvaal, Mnr. S.P. Bekker, te stuur en te vra vir beter onderwysfasiliteite vir die platteland —landelike skole waar elke kind van die platteland die geleentheid kon kry om beter vir die lewe toegerus te word.

Die Administrateur was die saak baie goedgesind. Dit was veral die lot van die arm kind, verstoke van soveel voorregte en wat moes opgroei in 'n omgewing sonder enige vooruitsigte, wat hom na-aan die hart gelê het. As gevolg van gebrek aan aanpassing by die moderne ekonomiese toestande, gebrekkige onderwys, 'n geisoleerde lewe in afgesonderde streke van Transvaal, droogte en depressie het 'n belangrike deel van die Boerebevolking stadigaan weggesink tot die armblankedom en hulle kinders het geen toekoms gehad nie. Na die verskyning van die verslag van die Carnegie-kommissie betreffende die armblanke-vraagstuk, het hy hom gedurig besig gehou met die vraag hoe om hierdie mense te red van gewisse ondergang. Nou het hy as Administrateur die mag gehad om daadwerklik op te tree en iets positiefs te doen om hierdie vraagstuk op te los. [redacted] Mnr. Bekker het dan ook die afvaardiging baie simpatiek ontvang en het belowe om onmiddellik sy aandag aan die versoek van die afvaardiging te skenk.

Gedurende dieselfde jaar nog het Administrateur Bekker met sy Uitvoerende Komitee en 'n aantal amptenare

'n besoek aan die Seodin-Skoolplaas gebring waar alles baie noukeurig ondersoek is. Hy was nie alleen net ingenome met die Skoolplaasidee nie, maar kom tot die gevolgtrekking dat dit die tipe skole is wat in Transvaal vir die kind van die platteland nodig is. Vroeg in 1935 het hy oral op die platteland vergaderings gehou om sy planne te verduidelik en om uit te vind wat die werklike behoeftes van die verskillende streke is en waar die skoolplase gestig moet word.

Mnr. Bekker het na 'n deurtastende ondersoek van alle behoeftes in Transvaal, die saak as volg gestel:[1)] Om beter fasiliteite vir die plattelandse kind te verskaf, word voorgestel om 'n skema van skoolplase in die lewe te roep, waarby die Departement van die beste plase sal aankoop as 'n studieterrein vir kinders tot hulle agste standerd. Toestande op die verskillende skoolplase sal natuurlik afwissel volgens verskillende klimaatstoestande. Die kinders sal op die gewone manier geleer word, maar bowendien sal hulle praktiese onderrig in boerdery ontvang. Kinders sal op die gewone manier met skool begin maar van die vierde standerd af sal leerlinge, wat tot dusver staatshulp in die vorm van beurse gekry het, na 'n skoolplaas oorgeplaas word. As hulle standerd VI bereik, kan hulle probeer om 'n beurs vir hoëronderwys te verkry. Indien hulle daarin slaag sal hulle na 'n hoërskool gaan, anders sal hulle vir nog twee jaar op die skoolplaas bly aan die end waarvan hulle weer kan probeer om 'n beurs vir hoërskoolstudie te bekom.

Die Administrateur het gevoel dat die grootste behoefte in die bosveld van Transvaal was en daarom was

---

1. Verslag Direkteur van Onderwys, Transvaal 1934.

hy van plan om eerste daar met skoolplase te begin,mits die Provinsiale Raad die nodige fondse sou bewillig. Hierdie skoolplase sou direk onder beheer van die Departement wees en nie onder die beheer van skoolrade nie.

In 1935 nog is daar dan ook 'n begin gemaak met twee skoolplase naamlik Happy Rest naby Louis Trichardt en Merensky naby Tsaneen. Plase is ook verkry vir die doel en kon die eerste twee skoolplase met pragtige groot gronde begin. Happy Rest het naamlik uit 1300 morge grond bestaan en Merensky 1400 morge. Hiervan was 'n hele aantal morge besproeibaar, sodat dit ideale plekke sou vorm vir die doel waarvoor dit gekoop is. In dieselfde jaar is nog drie ander plase ook aangekoop t.w. Sandrivier (later Kuschke Skoolplaas) naby Pietersburg; Zeekoehoek (later Bekkerskoolplaas) naby Krugersdorp en Sannieshof in die distrik Lichtenburg.

Hieruit blyk duidelik dat Administrateur Bekker sy belofte aan die bosveld, waar die behoefte aan sulke skole die grootste was, gestand gedoen het. Die skoolplase kon dadelik in hierdie gebiede met die aanvoorwerk begin. Dat dit 'n ongelukkige keuse was,aangesien hierdie gebied nie die kinders vir drie sulke skole kon lewer nie, sal ons later sien.

In sommige van hierdie gebiede is die skoolplaas-idee nie met oop-arms ontvang soos aanvanklik gehoop is nie. Met die aankoop van die plaas te Zeekoehoek vir die doel het 'n storm in die omgewing losgebars en sommige ouers het met openlike verset die skoolplaas beveg. Sannieshof se ouers was egter gretig om die skoolplaas te bekom en een goedgesinde boer het 'n verdere 200 morge grond aan die Departement bemaak vir

die doel om die skoolplaas in daardie omgewing tot sy volle reg te laat kom.

Die plase is van privaat persone aangekoop en die koopsom was in meeste gevalle hoog aangesien die doel was om van die geskikste plase wat ligging, grond en water betref te verkry. Die volgende tabel gee ons 'n goeie weergawe van uitgawes wat gemaak is net om die plase te verkry:

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Happy Rest | £9408. 5. 0. |
| 2. | Merensky | £11,000. 0. 0. |
| 3. | Kuschke | £3579. 0. 0. |
| 4. | Bekker | £5750. 0. 0. |
| 5. | Sannieshof | £7708. 0. 0. |
| Latere Skoolplase. | | |
| 6. | Amsterdam | £ 194. 0. 0. |
| 7. | Generaal Pienaar | £1620. 0. 0. |
| 8. | Paul Kruger | £3718. 4. 0.[1] |

Dit skyn of die Administrasie later nie meer so gewilliglik hoë koopsomme vir plase betaal het nie, terwyl in die begin 'n groot kapitaal belê is in die aankoop van die gronde. Alhoewel dit in aanmerking geneem moet word dat die markwaarde van gronde in die verskillende omgewings nie dieselfde was nie, lyk dit tog of die pryse wat betaal is in vergelyking met grondpryse van daardie tyd, effe hoog was.

Gedurende die eerste ses jaar van die bestaan van die skoolplase, dit wil sê tot Desember 1941, is op byna almal reuse bouprogramme aangepak wat die kapitaal-uitgawes die hoogte-in laat skiet het. Nuwe

---

1. Finansiële verslag van die Provinsie Transvaal 1938, 39.

moderne koshuise, skole en goedingerigte buitegeboue is ondermeer van die vernaamste geboue wat opgerig is. Goedbeplande koeistalle, hoenderhokke en skure is deur die onderskeie hoofde, in hulle hoedanighede as tydelike klerke van werke opgerig ,sodat dit ook van die beste in die omgewings sou wees. Hierdie uitgawes sou egter later as van die vernaamste punte van kritiek teen die skoolplaas gebruik word. Uit onderstaande kan ons 'n goeie denkbeeld vorm van hierdie uitgawes wat op die verskillende skoolplase gemaak is tot Desember 1941.

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Happy Rest | £ 34,543.11. 9. |
| 2. | Merensky | £ 43,048. 9. 5. |
| 3. | Kuschke | £ 41,321. 3. 7. |
| 4. | Bekker | £ 44,914. 3. 9. |
| 5. | Sannieshof | £ 22,622. 6. 9. |
| 6. | Amsterdam | £ 43,029.13. 0. |
| 7. | Generaal Pienaar | £ 9,939.10. 9. |
| 8. | Paul Kruger | £ 37,815. 5. 5. |
| | Totaal | £277,234. 4. 5. [1] |

Die groot verskil in bedrae by die verskillende skoolplase is daaraan toe te skrywe dat die verskillende skoolplase nie op dieselfde stadia van ontwikkeling verkeer het nie. Tot op datum is hierdie bedrag opgeskuif na meer as £2,250,000.

Hieruit kan ons dan aflei dat die Provinsiale Administrasie sy bes gedoen het om die skoolplase so te ontwikkel dat hulle sal beantwoord aan die oorspronklike doel waarop gemik was,naamlik dat van die beste plase aangekoop sal word om te dien as studieterrein vir kinders tot hulle agtste standerd.

1. Finansiële Verslag van die Provinsie Transvaal 1940-41, 87.

In sommige gevalle is egter meer na geskikte plase en voldoende water gesoek as om die natuurlike voedingsgebied van die skoolplaas in aanmerking te neem. Die gevolg hiervan was dat sommige skoolplase vir jare met pragtige geboue, sonder kinders, kon spog. So is die skoolgebou te Bekker-skoolplaas in 1941 ingewy en in 1948 het dit eers voldoende leerlinge ingeskryf om aan die gebou reg te laat geskied. Die rede hiervoor was klaarblyklik omdat dit aangelê is by 'n bestaande tweemanskooltjie terwyl Magaliesburg vyf myl daarvandaan 'n inskrywing van byna 200 leerlinge gehad en Hekpoort ses myl daarvandaan meer as 200, 'n bestaande Intermediêre skool. Dit sou die mees natuurlike plekke gewees het om 'n sterk skoolplaas op te ontwikkel wat in die behoeftes van die omgewing sou kon voorsien. Die vyandigheid van die ouers wat deur hierdie stap ontketen is het tot in 1945 aangehou, toe deur drastiese stappe van owerheidsweë die Standerds VI, VII en VII klasse van Hekpoort, asook die Standerd VI klas van Magaliesburg, onder nie geringe protes na Bekker-skoolplaas oorgeplaas is. In die tydbestek van tien jaar kon hier dus geen normale groei plaasvind nie en moes dit tot groei geforseer word.

'n Ander voorbeeld hiervan het ons op Sannieshof-skoolplaas waar die hoërafdeling van die skoolplaas byna 'n myl van die bestaande laerskool af aangelê is met een hoof vir albei inrigtings. Dat dit tot geweldige moeilikhede in verband met organisasie gelei het spreek vanself.

(c) Wat was die Skoolplase?

Die skoolplase sou 'n skool wees tot Standerd VIII waaraan 'n plaas verbonde is en waar die kinders in koshuise kon loseer. ~~Ons het dus hier te doen met drie~~

aparte instellings naamlik skool, plaas en koshuis wat elk 'n selfstandige eenheid vorm. So is daar byvoorbeeld 'n afsonderlike bankrekening en 'n stel boekhouboeke vir elkeen. Die plaas met sy verskillende afdelings word ter beskikking van die skool gestel vir sover dit praktiese onderwys betref. Die koshuis moet al sy plaasprodukte wat hy nodig het, teen pryse bereken op die basis van markwaarde, van die plaas koop Die plaas produseer sover moontlik die benodighede vir die skool en koshuis maar is nie 'n integrale deel daarvan nie - altans nie sover dit die bestuur aangaan nie, ~~want~~ Dit word deur 'n aparte voorman bestuur, gaan aan of die skool gesluit is of nie, hoofsaaklik met behulp van naturelle werknemers, hoewel die seuns ook hulle deel op die plaas doen waarvoor hulle geen direkte of indirekte vergoeding ontvang nie.

Die skoolplaas sou verskil van die gewone standerd VIII skool op die platteland ten opsigte van die ruimer fasiliteite wat dit kan aanbied soos huishoudkunde, houtwerk, metaalwerk en boerdery in al sy aspekte soos grondbewerking, beplanting, oes, bemarking, lewendehawe ensovoorts, maar veral ook ten opsigte van die atmosfeer van werklikheid waarin die leerlinge kan werk en leef. Dit sou die plaaskind ook bewaar van die grootste van alle tragedies wat so maklik die nasleep is van die koshuislewe op die dorp, naamlik, om vervreemd te raak van die lewe op die plaas.[1)]

Die skoolplase was dan ook hoofsaaklik bedoel vir leerlinge in plattelandse streke wat genoodsaak is om op plekke, weg van hulle huise af, te bly. Dit sou van die gewone skole ook verskil in die opsig dat daar 'n wyer

---

1. T.O.D. verslag 1936 p.12.

omvang van belange deur die plaas aangebied word, wat 'n voorkeur vir die landbou by die kind sou skep. Dit was egter nie die doel om van die skoolplaas kinders net boere te maak nie - hulle sou nie beroof word van die geleentheid om later 'n bestaan op 'n dorp te vind nie. Dit moes net met hierdie ruimer geriewe die leerlinge van die plattelandse omgewings trek - die kind van die arm man wat niks kon betaal nie, sowel as die rykman se kind wat alles kon bekostig.

By die skoolplase moes gemik word op 'n inskrywing van 400 leerlinge in Standerds V, VI, VII en VIII, sodat die plaaswerk en huiswerk verdeel kon word onder die leerlinge in groot spanne van 40 seuns en 40 meisies elk. Dit sou elke span net een dag per week besig hou met plaaswerk of koshuispligte en die ander dae sou beskikbaar wees vir onbelemmerde skoolwerk en ontspanning.[1)] Dit was ook nie die bedoeling dat leerlinge laer as die vyfde standerd op 'n skoolplaas toegelaat sou word nie. Hulle was aangewys tot die gewone laerskool of sentrale skool in die omgewing. Dat dit in die praktyk nie moontlik was nie, het geblyk uit die feit dat byna alle skoolplase op die oomblik die laer klasse ook het, wat in enkele gevalle die getalle in die Hoërafdeling oorskry. Dit kan moontlik die gevolg wees van die feit dat enkele skoolplase uit bestaande laerskole ontstaan het en dat die leerlinge tot Standerd V gevolglik dadelik 'n deel van die skool gevorm het. In baie gevalle sou die hoërafdeling se getalle alleen nie die skoolplaas regverdig nie, en moes die laerafdeling bygevoeg word om dit staande te hou. Van die ideaal dat dit slegs Standerds

---

1. T.O.D. Verslag 1936 - p.12.

V, VI, VII en VIII leerlinge sou toelaat, het in die sestien jaar van hulle bestaan nog maar weinig tereggekom. Dit sou in die meeste gevalle baie beter wees om te praat van laerskole waarby Standerds VII en VIII gevoeg is.

Om die werksaamhede en die tydverdeling op die skoolplase beter te verstaan, is dit nodig dat ons die roetine vir een dag sal weergee op een van die skoolplase.

Maandag, Dinsdag, Donderdag, Vrydag:

5.30 vm. 'n Groep seuns en dogters staan op om die gewone roetine-werkies op die plaas en in die koshuis te doen.

6.30 vm. Die ander kinders staan op en maak gereed - maak eie beddens op.

7.15 vm. Ontbyt.

8.00 vm. Die skool begin.

1.30 nm. Die skool sluit en middagete begin.

2.15 - 3.15 nm. Middag-studie.

3.15 nm. Middagkoffie.

3.30 - 5.30 nm. Praktiese werk in die landerye en tuine asook by lewende hawe.

4.45 nm. Alle leerlinge moet gaan bad.

6.15 nm. Aandete.

7.15 - 9.00 nm. Aandstudie.

9.15 nm. Alle ligte word afgeskakel.

Vir Woensdag is die rooster presies dieselfde met die uitsondering dat die tyd tussen 3.30 tot 5.30 nm. aan sport bestee word.

Saterdag van 8.00 tot 11.00 vm. word praktiese werk gedoen.

(e) Die Beheer oor Skoolplase:

Die beheer oor die skoolplase is nie aan die skoolrade toevertrou nie, omdat die Departement gevoel

het dat gedurende die ontwikkelingstadium dit noue kontak met die Departement moes bewaar. Vir die beheer is daar dan Adviserende Komitees saamgestel wat bestaan het uit die plaaslike Kringsinspekteur van Onderwys, 'n lid van die skoolraad waaronder die betrokke skoolplaas resorteer en een of meer lede van die publiek wat deur die Administrateur benoem is. Dit sou min of meer ooreenstem met die beherende rade van hoerskole. Besluite sou direk aan die Departement gaan en opdragte of omsendbriewe direk van die Departement aan die Adviserende Komitee. In sommige gevalle is die Sekretaris van die Skoolraad ook aangewys as die Sekretaris van die Adviserende Komitee. In ander gevalle het die hoof van die skoolplaas as Sekretaris opgetree. Die manier waarop die Adviserende Komitees saamgestel is het meegebring dat persone soms op Adviserende Komitees gedien het wat glad nie op hoogte van plaaslike toestande en behoeftes was nie. Dit het ook gebeur dat verteenwoordigers van skoolrade op die Adviserende Komitee geblyk het gladnie 'n voorstander van die skoolplaas waarvan hy Komiteelid was, ~~is nie.~~ te wees nie.

Aan die hoofde van die skoolplase is ook baie mag gegee en is veelvuldige pligte opgelê. So was die hoofde in die begin, behalwe vir die skoolwerksaamhede en bestuur van die koshuis en plaas ook verantwoordelik vir die bouprogram. Die aanbou van plaasgeboue soos koeistalle, hoenderhokke en plaasstore was onder die persoonlike toesig van die hoofde geplaas. Hulle het werknemers gekry om die genoemde werk te doen en in baie gevalle is die planne van geboue wat opgerig is, nie eers vooraf deur die Departement goedgekeur nie. Hierdie gebruik het meegebring dat bouwerksaamhede baie bespoed

is maar die geboue was nie altyd so prakties en effektief nie.

(f) <u>Beleid ten opsigte van Skoolplase:</u>

Tot met 1938 kan ons 'n suiwere rigting en definitiewe beplanning by die skoolplase bespeur. Gronde is aangekoop, geboue op groot skaal opgerig en alle masjienerie is in die werk gestel om van hierdie grootse onderneming 'n sukses te maak. Dit sou 'n nuwe klank op onderwysgebied laat hoor - middelbare onderwys op die platteland vir die plattelandse kind.

In 1938 is Administrateur Bekker skielik oorlede. Vir die skoolplase was dit 'n onherstelbare verlies want die ferme hand wat stukrag en rigting aan die skoolplase gegee het was daar nie meer nie. Na 1938 kan daar dan ook min vordering op die skoolplase bespeur word. Hoewel met die bouprogramme aangegaan is en daar selfs nog 'n paar nuwe skoolplase begin is, beleef ons nou 'n tyd waarin daar geen vaste beleid omtrent die skoolplase was nie. Geen een van die outoriteite het dit gewaag om in onomwonde taal te verduidelik wat die skoolplase is en waarheen hulle mik nie. Die skoolplase het wel bestaan, die plase is bewerk en het sover moontlik die benodighede vir skool en koshuis geproduseer, maar die nuwe rigting van middelbare onderwys vir die plattelandse kind wat alom verwag is, is nie verwesenlik nie. Die skoolplaas het 'n gewone sentrale skool, met 'n plaas daaraan verbonde, gebly met weinig, indien enige, verskil van die gewone.

In 1937 moes Inspekteur Otten in sy verslag oor Sannieshofskoolplaas in sy kring reeds waarsku[1] dat die

1. T.O.D. verslag 1937 p.53.

skoolplaas nie tegelyk die twee here - die Juniorsertifikaateksamen en die skoolplaasvereistes, kan dien nie. Die opleiding vir die Juniorsertifikaat is vir onderwyser en leerling 'n voltydse bedrywigheid en as aandag en energie hiervan weggeneem word en aan skoolplaasaktiwiteite bestee word moet dit afbreuk doen aan die eksamen. „As getrag word om 'n middeweg te volg kom dit my voor dat die Eksamenuitslag - Dwingeland gewis langsamerhand sal triomfeer en dat die skoolplaas in afsienbare tyd haas nie te onderskei sal wees nie van 'n intermediere skool, met ander woorde dat die skoolplaas-idee verydel sal wees."

Die Direkteur van Onderwys, Mnr. H.H.G. Kreft, moet dan ook in sy rapport van 1939[1] waarsku dat die skoolplaas 'n vorm is van die Juniorhoërskool op die platteland en derhalwe beslis nie 'n beroepskool nie. Dit is wel 'n voorberoepsrigting en weens sy ligging op die platteland uiteraard met 'n boerdery tendens. Deur sy ruime voorsiening onder andere wat behuising en voeding betref, het die skoolplaas ook talle van leerlinge getrek wat nog benede Standerd V is en word daar dus ook laer onderwys verstrek. Dit word egter weer as die uitgesproke beleid van die Departement neergelê om die skoolplaasinskrywing te beperk tot leerlinge van Standerds VI, VII en VII. Die skoolplaas sou dan twee aparte inrigtings hê, 'n laerskool en 'n middelbare skool, sodra die getalle dit kon regverdig - dit sou dan meebring twee hoofde op dieselfde skoolplaas, waarskynlik ook verskillende koshuise.

Inspekteur Hudson rapporteer in 1945 dat 'n groot aantal ouers nog nie besef dat die skoolplaas niks

---

1. T.O.D. Verslag 1939 p.18.

anders as 'n juniorhoërskool met 'n landbou-agtergrond is nie en nog sterk gekant is teen die skoolplase. 'n Hoof van 'n skoolplaas wat die belange van sy inrigting reeds baie jare op die hart dra, skrywe as volg: „Dit is vir my pynlik om te moet voel dat ons na tien jaar nog nie rigting het nie." Die skoolplaas moet iets meer wees as 'n „markeer-die-pas-skool" totdat die leerlinge die ouderdomsgrens bereik het.[1)]

Dit was egter ook nou baie duidelik dat die skoolplase naby bestaande hoërskole, omdat hulle net kursusse tot Standerd VIII kon aanbied, slegs die leerlinge sou trek wat om een of ander rede, het sy verstandelike onbekwaamheid of onwilligheid om verder te leer, nie die hoërskool wou of kon besoek nie. As gevolg hiervan sou aan die skoolplase 'n stigma van minderwaardigheid gekoppel word wat met baie moeite, indien ooit verwyder sal kan word. Die ouers het die skoolplase meer as ooit gewantrou. Baie het verwag dat leerlinge na 'n driejarige kursus aan die skoolplaas gereed moes wees om die handelswêreld of 'n ambag binne te tree of om werksaamhede op hulle eie te begin as ten volle gekwalifiseerde boere. Andere het van die skoolplase dieselfde eksamenuitslae verwag as van die hoërskole. Dat hulle teleurgestel was, is vanselfsprekend.

In April 1946 besluit die skoolplaasbelangegroep om onder die aandag van die Departement te bring dat dit die algemene oortuigings van skoolplaashoofde en adviserende komitees is, dat die skoolplaas nie aan sy doel kan beantwoord indien dit slegs werk van 'n gewone juniorhoërskool moet doen nie. In Oktober 1946 besluit 'n konferensie van Adviserende Komitees en skoolrade om

---

1. T.O.D. Verslag 1945, 80.

dieselfde versoek voor die Provinsiale owerhede te bring, maar hulle word verwys na die de Villiers verslag wat nog nie verskyn het nie.

Op 21 Augustus 1948 vind daar weer onder beskerming van die Transvaalse Landbou-Unie in Pretoria 'n konferensie plaas waar etlike Inspekteurs van Onderwys en Provinsiale Raadslede ook teenwoordig was en daar word weer aangedring op beter en doeltreffender onderwys op die skoolplase.[1)]

As plattelandse juniorhoërskole, sou die skoolplase dan voortgaan tot in 1950, toe daar 'n algehele reorganisasie van skole deur die Direkteur van Onderwys aangekondig is. Hiervolgens het die skoolplase hulle status verloor en is volgens die inskrywing in twee groepe verdeel as Klas II Skole. Die skoolplase met 'n inskrywing van meer as 200 in die hoër afdeling sou geleidelik ontwikkel tot volwaardige hoërskole en is toegelaat om tot Standerd X te gaan. Die ander met kleiner inskrywings is gegradeer as gewone laerskole met middelbare afdelings en verskaf opleiding tot Standerd VIII.

---

1. Onderwysblad Deel LII No. 586, 26.